dagstukkies met Ennice

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

7 JUNIE 2019

Jakobus 2:5: #Rykdom
"Luister, my liewe broers! Kies God nie juis dié uit wat in die oë van die wêreld arm is, om ryk te wees in die geloof en om die koninkryk in besit te neem wat Hy belowe het aan dié wat Hom liefhet nie?"

Die brief Jakobus is binne 'n konteks geskryf waarin baie Christene ontwortel is en hulself moes hervestig in 'n onbekende stad en streek. 'n Gebrek aan werk het gelei tot armoede onder talle gelowiges. Daarom het Jakobus onder meer in sy brief op die konsep van rykdom gefokus. Ons teksvers (v5) begin met 'n bevel: "Luister, liewe broers (en susters)!" Jakobus wil dit wat volg beklemtoon juis vir die onskatbare waarde wat dit vir die gelowiges te midde van hulle swaarkry en vervolging kan beteken. Hy skryf dat daar 'n verskil in wêreldse en hemelse rykdom is.

Op die oog af mag iemand met baie geld, goeie gesondheid en 'n luukse huis en motor, ryk voorkom. Jakobus beskryf egter 'n ander rykdom: geloof in Christus en die erfenis van God se Koninkryk. Die Bybel A-Z verwys na die rykdom van genade en redding wat baie meer werd is as aardse geld. Jy mag vandag die teksvers lees en self in 'n situasie sit van finansiële uitdagings, of dalk sukkel jy met jou gesondheid. Vandag kan jy rus vind in die woorde van Jakobus 2:5: dat die Here geloof en sy koninkryk belowe het aan die wat Hom liefhet. Weet vandag dat jy Hemelse rykdom besit!